**16 Mei**

Skrifgedeelte: Psalm 38
Fokusgedeelte: Psalm 38:22 en 23

# Met die Here by jou

Wat leer hierdie Psalm ons oor wat ons moet bid wanneer ons in die grootste nood en ellende verkeer? Wanneer 'n mens baie siek is, dan ontneem dit jou ook jou lewenslus. Net so kan bekommernis jou liggaamlik siek laat voel, en dan sê jy: "Ek is siek en sat van bekommernis."

Die digter van Ps 38 het nog baie meer rede om te kla.

- Hy is liggaamlik siek, daarby kla sy gewete hom gedurig aan dat hy verskriklik gesondig het en daar is selfs van sy vyande wat bly sal wees as hy doodgaan.
- Sy toestand is ellendig. Slegs 'n ligte stampie kan hom die afgrond laat instort.

Nou is die vraag: Wat leer hierdie Psalm ons wat ons kan en moet bid in sulke uiterste ellende? Ja, natuurlik die woorde van vers 1 berymd (Totius): "Straf tog nie my misdade, Here, verdra my met geduld." Maar wat dan van al die oorsake van jou ellende?

Opvallend kry ons nie in hierdie Psalm 'n bede dat God die vyande moet vernietig of dat God die pyn en siekte moet wegneem nie. Hy bid aan die begin van die Psalm om skuldvergiffenis en dan aan die einde net dat God hom nie moet verlaat nie.

Met die Here by jou kan jy pyn verduur, jou bekommernis wyk en jy hoef jou vyande nie te vrees nie. Met die wete dat die Here by hom is het die digter nooit alleen gevoel nie.

Ons lewe baie jare later as Dawid. En intussen het ons Here Jesus gely en die grootste eensaamheid ooit ervaar. Ons weet: Hy is deur God verlaat, sodat ons nooit deur Hom verlaat sou word nie.

Psalm 38 leer ons om te bid om skuldvergiffenis en dat die Here ons nie moet verlaat nie.

Sing: Psalm 38:15, 17 (1936)

Ds GJ Ligthelm (Emeritus)